

DIE VERKENNERSBEWEGING VAN SUID-AFRIKA: DISSIPLINÊRE KODE

INLEIDING

1. Hierdie Kode moet met die Grondwet van die Verkennersbeweging van Suid-Afrika saamgelees word en is 'n aanhangsel daartoe.
2. Die doel van hierdie Kode is om waar enige dissiplinêre optrede teen 'n lid van die Verkennersbeweging van Suid-Afrika (hierna genoem "die Verkenners") geneem moet word, toepassing te vind en om die prosedure tot sodanige optrede uiteen te sit.
3. By die toepassing van hierdie Kode sal die wese en grondslag van die Verkenners in ag geneem word, met spesifieke verwysing na die Christelike karakter van die Verkenners.

ALGEMEEN

4. Enige opbetaalde lid van die Verkenners is geregtig om 'n klag van welke aard ook al teen 'n ander Verkenner of Verkenners aanhangig te maak.
5. Alle Verkenners sal te alle tye volgens die prosedure hierin uiteengesit rakende klagtes teen enige lid optree en hulself daarvan weerhou om enige openbare uitsprake of gesprekke rakende enige klagte ingedien te maak of by betrokke te wees. Die Verkennerraad mag indien hul dit so goeuvind wel ten aansien van enige klagte teen enige lid openbare kommunikasie aangaan.
6. Klagtes word nie in hierdie Kode omskryf nie en is nie beperk tot enige lys nie. Die etos en Christelike karakter van die beweging moet wel ten alle koste beskerm word en mag klagtes teen lede ook hul gedrag en optrede buite die Verkenners raak.
7. Die klagtes in hierdie Kode behandel verwys na skriftelike klagtes, en sluit nie gewone klagtes van mondelinge aard op posvlak en wat met bevrediging op posvlak opgelos kan word nie.

JURISDIKSIE VIR INDIEN VAN KLAGTES TEEN LEDE

8. Indien daar 'n klag teen 'n lid ingedien word sal sodanige klag by die pos waar die lid ingeskakel het en lid is aanhangig gemaak word.
9. Indien die lid teen wie daar 'n klag ingedien word nie by 'n pos ingeskakel is nie, of indien hy by 'n pos ingeskakel is maar dit nie moontlik of prakties of billik is dat sy klagte by sy pos ingedien word nie, kan die klag by die lid se provinsiale bestuur aanhangig gemaak word.
10. Indien die lid teen wie daar 'n klag ingedien word nie by 'n pos ingeskakel is nie en daar nie 'n funksionerende provinsiale bestuur bestaan nie of indien hy by 'n pos ingeskakel is maar dit nie moontlik of prakties of billik is dat sy klagte by sy pos ingedien word nie en daar ook nie 'n funksionerende provinsiale bestuur bestaan nie, kan die klag by die Verkennerraad aanhangig gemaak word.
11. Indien 'n lid by 'n pos ingeskakel is maar dit nie moontlik of prakties of billik is dat die klagte teen hom by sy pos ingedien word nie en die klag by die provinsiale bestuur of die Verkennerraad, afhangend van die betrokke geval, aanhangig gemaak word, moet sodanige klag 'n motivering oor waarom die klag nie by die lid se pos ingedien is nie vergesel en sal die provinsiale bestuur en Verkennerraad, afhangend van die geval, daartoe geregtig wees om die klag na die betrokke lid se pos terug te verwys om gehanteer te word.
12. 'n Verkennerpos het nie die jurisdiksie of bevoegdheid om 'n klag rakende 'n lid se bepaalde siening of standpunt insake enige beginsel aangeleenthede te bereg nie en moet sodanige klagtes by die provinsiale bestuur, of in die afwesigheid van 'n provinsiale bestuur, by die Verkennersraad ingedien word, met dien verstande dat enige lid wat van mening is dat die klag soos ingedien handel met 'n siening of standpunt insake enige beginsel aangeleentheid die provinsiale bestuur, of in die afwesigheid van 'n provinsiale bestuur die Verkennerraad, skriftelik mag nader om 'n bepaling ten aansien van 'n beginsel aangeleentheid al dan nie te maak, welke provinsiale bestuur of die Verkennerraad se beslissing finaal sal wees.

DISSIPLINÊRE PROSEDURE BY INDIEN VAN KLAGTES

13. 'n Klag word skriftelik by die pos voorsitter of pos sekretaris ingedien, met dien verstande dat indien beide 'n pos voorsitter of pos sekretaris aangekla word die klag by 'n ander pos

- bestuurslid ingedien moet word.
14. Die posbestuur by die pos waar 'n klag ingedien is, moet so gou doenlik vergader ten einde met die klag te handel, met dien verstande dat 'n tydperk van meer as 'n maand onbillik sal wees.
 15. Die lid teen wie 'n klag ingedien is moet behoorlik van die klag in kennis gestel word en die billike geleentheid gegun word om sy saak te stel, met dien verstande dat die lid teen wie 'n klag ingedien is dit skriftelik of by wyse van 'n vergadering met die pos bestuur kan doen.
 16. Die klaer mag versoek word om verdere verhoë aan die pos bestuur waar die lid ingeskakel is te rig, met dien verstande dat die bestuur ook met die klaer mag vergader.
 17. Die pos bestuur mag nie 'n ondersoek of verhoor van die lid teen wie 'n klag ingedien is in die teenwoordigheid van poslede wat nie op die bestuur dien hou nie.
 18. Die pos bestuur mag met die klag volgens hul eie prosedure handel, maar sal enige prosedure billik en regverdig wees en sal sodanige prosedure deursigtig en aan beide die klaer asook die lid teen wie die klag ingedien is bekend wees.
 19. 'n Lid word aan 'n klag skuldig of onskuldig bevind.
 20. Die pos bestuur kan waar 'n lid skuldig bevind is die betrokke lid versoek om redes aan te voer waarom hy nie 'n sekere straf opgelê moet word nie.
 21. Die pos bestuur kan slegs die volgende strawwe aan 'n lid wat aan 'n klag skuldig bevind is ople:
 - 21.1 Vermaning;
 - 21.2 Waarskuwing, asook 'n finale waarskuwing;
 - 21.3 Skorsing van bepaalde Verkenner aktiwiteite;
 - 21.4 Skorsing vir 'n bepaalde tydperk, of;
 - 21.5 Opheffing van lidmaatskap.
 22. Indien die beslissing ten aansien van 'n klag en enige straf wat opgelê mag word by wyse van 'n verhoor geskied waar die lid teen wie 'n klag ingedien is nie teenwoordig is nie, moet die betrokke lid onverwyld van die beslissing en straf indien enige ingelig word.
 23. 'n Pos bestuur is daarop geregtig om 'n lid of lede van die provinsiale bestuur of die Verkennerraad ter versoek om enige dissiplinêre prosedures by te woon, met dien verstande dat sodanige lid of lede van die provinsiale bestuur of Verkennerraad slegs in adviserende hoedanigheid teenwoordig mag wees.
 24. 'n Provinsiale bestuur, of in hul afwesigheid, die Verkennerraad, is geregtig om in ernstige en uitsonderlike gevalle enige dissiplinêre prosedure self te hanteer en wel volgens die prosedure soos uiteengesit in paragrawe 13 tot 23 en met dien verstande dat die beskrywing van pos en pos bestuur vervang sal word om te lees dat die betrokke provinsiale bestuur en sy bestuurslede of in hul afwesigheid die Verkennerraad en sy raadslede sodanige beskrywings sal inneem.
 25. Indien die lid teen wie daar 'n klag ingedien word nie by 'n pos ingeskakel is nie of indien hy by 'n pos ingeskakel is maar dit nie moontlik of prakties of billik is dat sy klagte by sy pos ingedien word nie of indien daar beslis is dat die klag met 'n beginsel aangeleentheid handel sal die provinsiale bestuur met die klag handel en wel volgens die prosedure uiteengesit in paragrawe 13 tot 23 en met dien verstande dat die beskrywing van pos en pos bestuur vervang sal word om te lees dat die betrokke provinsiale bestuur en sy bestuurslede sodanige beskrywings sal inneem.
 26. Indien die lid teen wie daar 'n klag ingedien word nie by 'n pos ingeskakel is nie en daar nie 'n funksionerende provinsiale bestuur bestaan nie of indien hy by 'n pos ingeskakel is maar dit nie moontlik of prakties of billik is dat sy klagte by sy pos ingedien word nie en daar ook nie 'n funksionerende provinsiale bestuur bestaan nie en daar beslis is dat die klag met 'n beginsel aangeleentheid handel, sal die Verkennerraad met die klag handel en wel volgens die prosedure uiteengesit in paragrawe 13 tot 23 en met dien verstande dat die beskrywing van pos en pos bestuur vervang sal word om te lees dat die betrokke Verkennerraad en sy raadslede sodanige beskrywings sal inneem.
 27. Geen beslissing en/of straf ten aansien van enige lid mag sonder die skriftelike toestemming van die Verkennerraad gepubliseer word nie.

PROSEDURE NA DISSIPLINÊRE PROSEDURE

28. Die pos bestuur moet binne een week nadat 'n beslissing gemaak is 'n verslag aan die provinsiale bestuur ten aansien van die dissiplinêre prosedure stuur en moet die verslag die

volgende bevat:

- 28.1 Beskrywing van die klagte en deur wie die klag ingedien is;
 - 28.2 Beskrywing van die dissiplinêre prosedure gevolg;
 - 28.3 Die beslissing, en;
 - 28.4 Die straf indien enige.
29. Die provinsiale bestuur moet die verslag soos deur die pos bestuur aan die provinsiale bestuur versend bestudeer en die betrokke verslag tesame met hul eie verslag aan die Verkennerraad versend, met dien verstande dat die verslag van die provinsiale bestuur moet aandui of hul met die beslissing tevrede is en of hul enige wysiging of tersydestelling daarvan aanbeveel.
 30. Die Verkennerraad sal by die ontvangs van die verslag van die pos bestuur asook die van die provinsiale bestuur die mag hê om enige van die volgende te doen:
 - 30.1 Die beslissing, hetsy met of sonder 'n straf, kan in stand gehou word.
 - 30.2 Die beslissing, hetsy met of sonder 'n straf, kan op hersiening geneem word.
 31. Die Verkennerraad is by magte om by ontvangs van die verslag van die pos bestuur asook die van die provinsiale bestuur en waar daar besluit word om 'n beslissing op hersiening te neem 'n ad hoc kommissie van ondersoek aan te stel en mag die Verkennerraad ook 'n ad hoc dissiplinêre komitee aanstel wat met die klag op hersiening volgens die komitee se eie prosedure mag handel.
 32. Die beslissing van die Verkennerraad ten aansien van enige dissiplinêre optrede en beslissing is finaal.
 33. Die Verkennerraad is by magte om in uitsonderlike gevalle en daar waar die ernstige graad van enige klag dit regverdig volgens 'n gepaste en self-geformuleerde prosedure vir die afhandeling van die klag te handel, met dien verstande dat die prosedure billik en regverdig sal wees.

APPÈL PROSEDURE

34. Enige lid teen wie 'n klag ingedien is en wat aan die klag skuldig bevind is, hetsy deur sy pos, provinsiale bestuur of die Verkennerraad, is geregtig om by die Verkennerraad appèl teen sy skuldigbevinding aan te teken, met dien verstande dat die raadslede wat met die appèl handel nie ook die raadslede mag wees wat met die lid se klag en skuldigbevinding mee gehandel het sou die Verkennerraad 'n ad hoc dissiplinêre komitee aangestel het nie.
35. Die Verkennerraad sal vir die doeleindes van 'n appèl sodanige raadslede wat die Verkennerraad goedvind, onderhewig aan die voorbehoud in paragraaf 34, aanstel met die doel om die appèl af te handel en te finaliseer.

Datum bevestig: